Geopende Deure

# GEBEDSKALENDER



**Mei 2024**

"En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."
MATTEUS 16:18

# MEI

## Indië

**Woensdag 1 Mei**

Bid vir Indië se staats- en nasionale verkiesings. Dié maand se verkiesingsuitslae is van die uiterste belang. Dit sal bepaal of die situasie vir Christene verder gaan vererger of tot beter toestande vir Indië se Kerk sal lei.

**Donderdag 2 Mei**

Bid dat die verkiesingsuitslae gunstig vir godsdiensvryheid sal wees. Indien ŉ pro-Hindoe-regering die verkiesing wen, is daar ŉ groot moontlikheid van ŉ nasionale wet teen bekering, en dit kan dan ekstremiste aanspoor om wetgewing teen Christene nog verder te misbruik.

**Vrydag 3 Mei**

Bid vir ŉ regverdige en vreedsame verkiesingsproses en dat mense nie deur mooipraatjies beïnvloed sal word nie. Bid dat Indië se beraamde 60 miljoen Christene vrymoedigheid sal hê om hul stemreg in dié kritiese verkiesings uit te oefen.

**Saterdag 4 Mei**

Bid dat Indië se verkiesing nie as platform gebruik sal word om die Christendom te belaster en gelowiges te beskuldig nie. Vra God om Sy hand oor die verkiesings te hou.

**Sondag 5 Mei**

Bid spesifiek dat die verkose regering hulle op mense se welsyn sal toespits, veral op dié van Christene wat onregverdig behandel word.

**Maandag 6 Mei**

Bid vir waagmoed, krag en genade vir pastore en leiers wat gereed is om ná die verkiesingsuitslae die Evangelie steeds vreesloos te verkondig. Bid dat Christene, ongeag die uitkoms van die verkiesing, ŉ plek sal hê om vrylik te kan aanbid.

**Dinsdag 7 Mei**

Vra God om teenwoordig te wees by die 11 miljoen verkiesingswerkers wat moet verseker dat ŉ stemlokaal binne twee kilometer van elke woongebied gevestig is. Dit behels dikwels gevaarlike togte oor woestyne, oerwoude

*Gelowiges in Indië.*





**Name verander vir sekuriteitsredes.*

en ŉ oseaan om te verseker dat elke stemgeregtigde Indiër kan stem.

**Woensdag 8 Mei**

Bid Filippense 4:6-7 oor ons Indiese broers en susters. Bid dat hulle "oor niks besorg sal wees nie." Bid dat hulle God se vertroosting en vrede sal ervaar en dat dit hulle in tye van vrees en onsekerheid sal bewaar.

**Donderdag 9 Mei**

Dié maand is die eenjarige herdenking van die geweld wat tussen die Kuki- en Meitei-stamme in die Manipur-staat uitgebreek het. Bid vir vertroosting vir families van die geskatte meer as 70 Christene wat in die aanvalle vermoor is.

**Vrydag 10 Mei**

Bid saam met die 50 000 Christene in Manipur wat tydens die aanvalle se aanvang gedwing is om uit hul huise te vlug. Talle bly ontwortel en is steeds oor vlugtelingkampe versprei. Bid dat hulle sal ervaar hoe die wêreldwye Kerk vir en saam met hulle bid.

**Saterdag 11 Mei**

Bid vir Christen-leiers wat hul lewens waag om Jesus te dien. Die meeste lei huiskerke en is in gevaar van aanrandings, vals beskuldigings en die vernietiging van hul huise. Vra God om hul geloof te versterk terwyl hulle hul roeping uitleef.

**Sondag 12 Mei**

Gelowiges word dikwels aangerand of gearresteer wanneer kerke aangeval word. Dit veroorsaak onvermydelike trauma en uiteindelik ŉ geloofskrisis. Bid dat dié gelowiges ons plaaslike vennote vir trauma-ondersteuning sal nader.

**Maandag 13 Mei**

Bid vir krag vir die gesinne van huiskerkleiers wat weens hul geloof vir vals aanklagte gearresteer word. Gesinne ly saam met die leiers, aangesien hul lewensbestaan en status in die samelewing hierdeur bedreig word.

**Dinsdag 14 Mei**

Bid vir kerke wat deur Hindoe-ekstremiste gesluit is. Bid dat die gemeentes eendag

*Doop in Indië.*



weer vir aanbidding bymekaar kan kom en dat God gelowiges intussen na nuwe geloofsgemeenskappe sal lei.

## Arabiese Skiereiland

**Woensdag 15 Mei**

Bid vir een van ons vennote wat begeer om meer dissipelskapleiers in verskillende provinsies in Jemen te vestig. Vra God om hom wysheid te gee terwyl hy mense aanwys om deel van sy groeiende bediening te wees.

**Donderdag 16 Mei**

Bid vir eenheid onder die Jemenitiese Christen-leiers. Ons vennote vertel ons dat die verskillende Christen-netwerke aan vertroue en samewerking ontbreek en dat die bediening soms soos ŉ kompetisie voel.

**Vrydag 17 Mei**

Bid spesifiek dat Christen-netwerke die krag van samewerking en eenheid sal beleef. Bid vir volwassenheid en bewustheid sodat hulle die uitwerking van hul onenigheid kan begryp.

**Saterdag 18 Mei**

Een van ons vennootnetwerke in Jemen is verheug oor 2023 se 100 dopelinge – 50% meer as in 2022. "Hou asseblief aan om vir die Jemenitiese Kerk te bid dat hulle sal aanhou om getrou te wees terwyl hulle die Evangelie met vrymoedigheid verkondig." vra die leier.

**Sondag 19 Mei**

Bid dat God sal voortgaan om buitelandse Christene en plaaslike gelowiges in Bahrein se vryheid om vrylik te kan aanbid, te beskerm. Bid dat regeringsleiers nie deur buurlande se beperkende optrede beïnvloed sal word nie.

**Maandag 20 Mei**

Bid dat Bahrein se mense Jesus sal leer ken en beleef. Min het die afgelope jare tot geloof in Christus gekom. Bid dat die Heilige Gees oor Bahrein sal kom en en ons 'n dissipelskapbeweging by die eilandbevolking sal sien.

**Dinsdag 21 Mei**

Vervolging teen die plaaslike Kerk in Oman neem toe. 'n Dissipelmaker is die afgelope paar weke by die grens voorgekeer en verbied om weer die land binne te gaan. Bid Spreuke 3:5-6 oor dié leier se lewe.

**Woensdag 22 Mei**

Bid vir die plaaslike kerk in Oman – hulle het van hul mentors verloor. Ons vennote vra ons om vir die Omaanse gelowiges te bid wat onder druk van hul gesinne en die regering verkeer.

**Donderdag 23 Mei**

In Saoedi-Arabië vind Christene dit moeilik om Moslem-bekeerlinge te vertrou weens vorige negatiewe ervarings, veral van diegene wat vroeër die Kerk vervolg het. Bid asseblief vir liefde en onderskeidingsvermoë.

## Sentraal-Asië

**Vrydag 24 Mei**

Bid saam met 16-jarige Gulmira*. Haar pa, ŉ toegewyde Moslem, het haar uit die huis geskop toe hy uitvind sy het in die geheim kerk toe gegaan en ŉ Christen geword. Hy het ook gedreig om haar dood te maak indien sy sou terugkeer.

**Saterdag 25 Mei**

Kerklede het Gulmira in hul huise ingeneem. Bid vir voorsiening vir dié gesinne. Bid dat ons suster genesing sal vind vir die wonde wat deur haar pa se verwerping en wrede woorde gelaat is.

**Sondag 26 Mei**

Bid vir Gulmira se 13-jarige broer, wat Jesus ook vertrou. Hy is bang om sy pa van sy geloof te vertel nadat hy sy pa se reaksie op Gulmira se geloof beleef het. Bid dat God op ondenkbare maniere in dié moeilike situasie sal ingryp.

**Maandag 27 Mei**

Bid vir dié gesin. Vra God om vir Gulmira se pa te wys dat hy sy gesin seermaak. Bid vir drome om dié geharde man te help om Jesus en sy behoefte aan Christus in sy lewe te sien.

**Dinsdag 28 Mei**

Bid saam met Muneshia*, wat vier maande swanger was toe sy deur haar man aangerand is. En dit nadat hy ontdek het dat sy in die geheim kerk toe gegaan het en etlike jare gelede ŉ Christen geword het. Haar ribbes is in die proses gebreek.

**Woensdag 29 Mei**

Muneshia het drie kinders, almal jonger as 5 jaar. Weens die voortdurende aanrandings het sy met die kinders na haar man se suster en ma gevlug, wat beide ook Christene is. Hulle het vir haar tydelike skuiling gegee. Bid asseblief vir dié jong gesin se herstel.

**Donderdag 30 Mei**

Prys God dat Muhit* Christus gevind het in ŉ samelewing waar Christene vervolg word. Hy is onlangs gedoop. Bid vir krag en wysheid vir ons nuwe broer terwyl hy sy lewe waag om Jesus te volg.

**Vrydag 31 Mei**

Bid vandag saam met die klein Christen-gemeenskap wat Muhit na Christus gelei het. Hulle ontmoet weekliks in die geheim. Bid vir beskerming en vrymoedigheid terwyl hulle die Koninkryk in die Moslem-gedomineerde omgewing uitbou.

**Name verander vir sekuriteitsredes.*

Geopende Deure

Geopende Deure Suider-Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129